Remgro Beperk
(voorheen Rembrandt S.A. Beperk)
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
("Remgro")

RAB Beherend Beperk
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1987/005115/06)
("RABB")

FirstRand Beperk
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1966/010753/06)
("FirstRand")

Verkryging deur Remgro van 'n belang in FirstRand en Inskrywing deur Remgro op aandele in RABB

1. Inleiding

Rand Aksepbank is gemagtig om aan te kondig dat Remgro ingestem het tot:

- die verkryging van nagenoeg 72.4% van die belange wat deur Anglo American plc ("Anglo American") en De Beers Consolidated Mines Limited ("De Beers") in FirstRand gehou word, met as teenprestasie Remgro se aandeelhouding in Billiton plc ("Billiton") en Gold Fields Limited ("Goldfields") soos uiteengesit in paragraaf 3 ("die Remgro-verkryging"); en
- om daarna sekere van sodanige FirstRand-aandele aan RABB te vervreem in ruil vir nuwe aandele in RABB ("die RABB-transaksie")

(saam "die transaksies").

2. Agtergrond

FirstRand het gedurende Mei 1998 tot stand gekom deur die samesmelting van die finansiëledienstebelange van Anglo American (destyds Anglo American Corporation of South Africa Limited), De Beers en RABB. Ingevolge 'n ooreenkoms tussen Anglo American en RABB, berus bestuursbeheer van FirstRand by RABB.

Die FirstRand-groepstruktuur is tans soos volg:



Nà sy notering op die Londense Aandelebeurs in 1999, het Anglo American aangekondig dat hy nie langer sy belang in FirstRand as deel van sy kernbesigheid beskou nie en dat hy dus die belang van die hand wou sit.

3. Hooftrekke van die Remgro-verkryging

'n Ooreenkoms is tussen Remgro en Anglo American bereik ingevolge waarvan:

Remgro die volgende ruilings sal aangaan:

- 189.98 miljoen aandele in Billiton (8.19% van sy uitgereikte kapitaal); en
- 51.13 miljoen aandele in Goldfields (11.27% van sy uitgereikte kapitaal)

wat deur hom gehou word, vir

- 932.50 miljoen FirstRand-aandele (17.12% van FirstRand se uitgereikte kapitaal)

deur Anglo American en De Beers gehou.

Anglo American het sy onderneming gegee dat, tot 31 Desember 2001, buiten die afwesigheid van korporatiewe aktiwiteit deur enige derde party, nòg hy, nòg sy geassosieerdes 'n ongeoorloofde aanbod om Billiton sal maak, òf sy totale aandeelhouding in Billiton tot meer as 15% sal verhoog.

Indien 'n suksesvolle aanbod vir die verkryging van die totale aandelekapitaal van Goldfields voor 30 Junie 2001 gemaak word, onderneem Anglo American om enige opbrengs daarvan wat R25.00 per Goldfields-aandeel oorskry, gelykop met Remgro te deel.

Nà die Remgro-verkryging, sal Anglo American en De Beers voortgaan om hul oorblywende belange van onderskeidelik 5.25% en 1.27% in FirstRand te hou.

4. Beweegrede vir die transaksies

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy met strategiese belange in verskeie besighede. Die verkryging van 'n belang in FirstRand weerspieël Remgro se voortgesette soeke na beleggingsgeleenthede wat langtermynwaarde bied. Remgro belê waar hy waarde kan toevoeg en die strategiese rigting van die onderliggende bedrywighede kan beïnvloed.

Ten einde strategiese insette aan FirstRand te kan verskaf en om homself nader aan RABB (FirstRand se grootste aandeelhouer) te bring, het Remgro en RABB ooreengekom dat Remgro sekere van die FirstRand-aandele wat van Anglo American ontvang sal word, vir nuwe aandele in RABB sal ruil.

Die direkteure van RABB verwelkom Remgro as 'n aandeelhouer in RABB en FirstRand en is van mening dat die strategiese insette van Remgro en die verhouding tussen RABB en Remgro tot voordeel van RABB- en FirstRand-aandeelhouers sal strek.

5. Hooftrekke van die RABB-transaksie

Ten einde uitvoering te gee aan die doelwitte in paragraaf 4 uiteengesit, het Remgro en RABB daartoe ingestem dat:

- Remgro 424.86 miljoen FirstRand-aandele (synde 7.80% van FirstRand se uitgereikte kapitaal) wat deur hom van Anglo American en De Beers verkry is, aan RABB sal oordra;

in ruil waarvoor,

- RABB 274.10 miljoen nuwe RABB-aandele aan Remgro sal uitreik.

As gevolg van die RABB-transaksie:

- sal RABB 32.83% van FirstRand hou; en
- Remgro 9.32% van FirstRand en 23.08% van RABB hou.

6. Gevolglike groepstruktuur

Nà die implementering van die transaksies, sal die groepstruktuur soos volg wees:



7. Ooreenkoms tussen RABB, RABB senior amptenare en Remgro

Ingevolge die ooreenkoms tussen RABB, RABB senior amptenare en Remgro:

- het Remgro aangedui dat hy begerig was dat FirstRand sal voortgaan om voordeel te put uit die entrepreneurs- en bestuurstalent van mnre. G T Ferreira, L L Dippenaar en P K Harris (saam "die RABB senior amptenare"), en het dus ingestem dat die bestuur van FirstRand steeds by RABB sal berus;
- sal Remgro, as een van die vernaamste aandeelhouers, geregtig wees om twee direkteure op die direksies van elk van RABB en FirstRand aan te stel; en
- sal Remgro en die senior amptenare van RABB aan mekaar voorkoopsregte oor hul onderskeie aandeelhoudings in RABB toestaan.

Daar is geen reëlings tussen die partye ten opsigte van stemming tydens aandeelhouers- of direkteursvergaderings nie.

8. Moontlike uitgifte van verdere aandele deur RABB aan Remgro

RABB besit bates, uitgesonderd FirstRand-aandele, insluitende beleggings in Global Resorts SA (Eiendoms) Beperk, OUTsurance Insurance Company Limited, RAB Gestruktureerde Versekering (Eiendoms) Beperk en Glenrand M·I·B Beperk ("RABB se ander bates").

Met die inskrywing op RABB-aandele in ruil vir FirstRand-aandele ingevolge die RABB-transaksie, verkry Remgro in wese 'n proporsionele gedeelte van RABB se ander bates. Sekere van hierdie bates is nog in die ontwikkelingstadium en sal oor die volgende drie jaar verdere ywer verg om hul waarde te vestig.

Indien die waarde van RABB se ander bates (synde vir die doeleindes van hierdie transaksie deur die RABB-bestuur op R374 miljoen gewaardeer) of die opbrengs uit hul verkoop laer is as dit wat RABB projekteer die waarde aan die einde van drie jaar sal wees, sal RABB bykomende aandele teen hul pariwaarde van 1 sent aan Remgro uitreik. Die maksimum aantal bykomende RABB-aandele wat deur RABB ingevolge hierdie reëling uitgereik word sal 10.75 miljoen beloop, sou RABB se ander bates op 31 Desember 2003 geen waarde hê nie. Die aantal te uitgereikte RABB-aandele sal pro rata verminder word gegrond op die berekende waarde van RABB se ander bates en in so 'n mate dat geen aandele uitgereik sal word indien die waarde van RABB se ander bates die geprojekteerde waarde oorskry nie.

9. Finansiële gevolge van die transaksie

Die onderstaande tabel gee 'n uiteensetting van die finansiële gevolge van die transaksies op RABB- en Remgro-aandele:

	Voor die transaksies[1] (sent)	Nà die transaksies[2] (sent)	Persentasie verandering
RABB			
Wesensverdienste per aandeel	88.50	87.43	(1.2)
Netto batewaarde per aandeel	636.16	730.51[3]	14.8
Remgro			
Wesensverdienste per aandeel	480.50	497.41	3.5
Netto batewaarde per aandeel	2 405	2 874[3]	19.5

Aantekeninge:

1. *Gegrond op RABB se geouditeerde groepsbalansstaat en -inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2000, en op grond van pro forma finansiële inligting insake Remgro vir die jaar geëindig 31 Maart 2000.*
2. *Op die aanname dat die transaksie soos volg geïmplementeer is:*
   - *vir wesensverdienste per aandeel, op 1 Julie 1999 in die geval van RABB en 1 April 1999 in die geval van Remgro;*
   - *vir netto batewaarde per aandeel, op 30 Junie 2000 in die geval van RABB en 31 Maart 2000 in die geval van Remgro.*
3. *Vir berekeningsdoeleindes word aangeneem dat die RABB-aandele teen die sluitingsprys op 4 Desember 2000 uitgereik word. Gebaseer op die aannames hierbo, verteenwoordig die toename in Remgro se nettobatewaarde 'n kapitaalsurplus met die vervreemding van die belange in Billiton en Goldfields. Na die transaksie sluit die nettobatewaardes van Remgro en RABB klandisiewaarde in, wat ontstaan met die verkryging van die belange in FirstRand en RABB (in die geval van Remgro) en wat oor 20 jaar geamortiseer sal word.*

10. Opskortende voorwaardes

Die transaksies is onderworpe aan:

- goedkeuring, deur RABB-aandeelhouers, van die uitreiking van nuwe-aandele aan Remgro;
- goedkeuring, deur Remgro-aandeelhouers, van die Remgro-verkryging insoverre dit nodig mag wees; en
- sodanige regulerende goedkeurings wat vereis mag word.

Die effektiewe datum van die transaksie is 1 Januarie 2001.

11. Dokumentasie en vergadering

Ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs van Suid-Afrika ("die JSE"), sal RABB-aandeelhouers vereis word om die uitreiking aan die nuwe RABB-aandele aan Remgro goed te keur. 'n Omsendskrywe, wat 'n kennisgewing van algemene vergadering insluit, sal, onderworpe aan goedkeuring deur die JSE, vroeg in 2001 aan RABB-aandeelhouers gepos word.

Ooreenkomstig die JSE se Noteringsvereistes, sal Remgro vroeg in 2001 'n omsendskrywe wat besonderhede van die transaksie bevat en, indien nodig, 'n kennisgewing van algemene vergadering insluit, aan sy aandeelhouers pos.

Sandton
6 Desember 2000

Stellenbosch
6 Desember 2000

RAND AKSEPBANK
KORPORATIEWE FINANSIERING
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk

FCB Jonssons

0/0724 - RMB - REMGRO - 54X8
AFRIKAAN S SECOND PROOF